

7 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 1:20-31 (OAV)
Fokusgedeelte: Filippense 1:21

Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins

As die apostel Paulus die dood as 'n wins beskryf, is dit vir ons vreemd. Hoe kan die dood 'n wins wees as dit liggaam en siel uitmekaar en dierbares van mekaar skeur?

Wanneer Paulus hierdie woorde skryf, sit hy in die tronk in Rome. Daarom is ons eerste gedagte: Paulus sê hierdie woorde uit moedeloosheid. Maar dit is nie waar nie! Hierdie woorde van die apostel is vol van geloof. Paulus is nie vir die dood bang nie, omdat die lewe vir hom Christus is!

Daar was natuurlik 'n tyd in sy lewe toe hy niks van Christus wou weet nie, maar toe Christus aan hom op die pad na Damaskus verskyn het, het Paulus tot bekering gekom en het die lewe vir hom Christus en die sterwe vir hom wins geword. Vanaf daardie oomblik was die dood vir Paulus 'n afsterwing van sy sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe (Joh 5:24).

Soos Christus aan Paulus verskyn het, so verskyn Hy deur sy Heilige Gees elke keer aan ons as ons sy Woord lees of daarna luister. Elke keer bring dit vir ons dié troos: As ons lewe Christus is, is ons dood 'n deurgang na die Vaderhuis met sy baie wonings (Joh 14:2). Is dit my en jou troos?

Sing: Skrifberyming 5-4(10):2, 5, 6

Dr. CJ Malan (Emeritus)